


HOOFSTUK 5 EVALUERING



EVALUERING EN SLOTSOM

Evaluering van opleidingsprogramme is 'n vereiste van tersiêre opleidingsinstansies, ten einde deel te vorm van kwaliteitsversekering, maar word dikwels ook ekstern vereis vir akkreditering van die program. In die geval van die Diploma vir gehoorapparaat akoestici word vereistes ten opsigte van die evaluering daarvan gestel deur die Universiteit van Pretoria, die Raad vir Gesondheidsberoepes en die Society of Hearing Aid Acousticians. Dit is egter ook in die lig van die eise wat deur sowel navorsingsbeginsels as instruksionele ontwerp beginsels gestel word, dat evaluering van 'n opleidingsprogram genoodsaak word. In **Hoofstuk 5** word die evaluering van die opleidingsprogram wat met behulp van die proses van instruksionele ontwerp saamgestel is, bespreek. 'n Samevattende beeld van die navorsingsprojek word verskaf.

5.1 BEGINSELS ONDERLIGGEND AAN PROGRAMEVALUERING

Metodes vir die evaluering van programme moet doeltreffend wees ten einde te bepaal of 'n program voldoen aan die kliniese en die administratiewe doelstellings wat gestel is en of die verlangde uitkomst bereik is (Johnson & Danhauer, 2001: 51). Programevaluering kan óf vereis word deur die onderriginstansie, óf ekstern deur byvoorbeeld die Raad vir Gesondheidsberoepes en die Society of Hearing Aid Acousticians. Die evaluering van die program vorm deel van die **instandhoudingsfase** van instruksionele ontwerp. Hierdie fase word ook in sommige modelle die evalueringsfase genoem en die doel hiervan is die kwaliteitsbeheer van die program. Evaluering het egter ook deel uitgemaak van die **analisefase** van die instruksionele ontwerp van die program. Dit is dus duidelik dat evaluering 'n integrale deel uitmaak van die proses van instruksionele ontwerp, deurdat terugvoer van die produk ten opsigte van elke fase verkry moet word. Die evaluering van die program nadat dit reeds geïmplementeer is, fokus veral op die swak- en sterkpunte van die

program en dit stel die instruksionele ontwerper in staat om die waarde van die program te evalueer (Rowntree, 1997:45).

Die algemeenste rede vir evaluering is egter om die effektiwiteit van 'n opleidingsprogram te bepaal, sodat die program in die toekoms verbeter kan word (Kirkpatrick, 1998:3). Objektiewe evaluering lewer bewys daarvan of die opleidingsprogram geslaag het in die doelstellings wat gestel is ten opsigte van die opleiding van die leerder. Vir 'n evaluasie om van waarde te wees, moet daar egter aan sekere voorwaardes voldoen word. Dit is belangrik dat die evaluasie goed beplan is en dat die instruksionele ontwerper bereid moet wees om op die resultate van die evaluasie te reageer (American Telephone and Telegraph Company, 1987:16). Die evaluasieproses bestaan hoofsaaklik uit drie fases, naamlik die beplanning van die evaluasie (in hierdie studie is die evaluering gedoen aan die hand van 'n vraelys Bylae F); die uitvoering van die evaluasie en laastens die implementering van die besluite wat geneem is op grond van die resultate van die evaluasie (American Telephone and Telegraph Company, 1987:17). Deur die effek van die program op die leerder te ondersoek, kan bepaal word of daar met die opleidingsprogram voortgegaan moet word; of die program koste-effektief is, en kan dié aspekte wat verbeter moet word, geïdentifiseer word (American Telephone and Telegraph Company, 1987:11).

Daar bestaan talle metodes waarvolgens opleidingsprogramme geëvalueer kan word. Sommige outeurs is egter van mening dat die enigste ware vorm van evaluering die meting van die leerders se gedrag binne die beroep self behels (Kirkpatrick, 1983:101). Deur die gedrag van die leerders binne die werksopset te evalueer, kan die evalueerder bepaal of die leerders daartoe in staat is om die kennis en vaardighede wat hulle tydens die opleidingsprogram verwerf het, na hulle beroepsituasie oor te dra (Kirkpatrick, 1998:107). Hierdie persone, wat die evaluering van gedrag as die enigste betroubare vorm van evaluering beskou, veroordeel die gebruik van vraelyste om opleidingsprogramme te evalueer. Ander dosente beskou weer die gebruik van vraelyste as 'n waardevolle tegniek om opleidingsprogramme te evalueer, aangesien dit

'n waardevolle tegniek is om te bepaal hoe die leerders die opleidingsprogram ervaar en tot watter mate hulle daarmee tevrede is (Kirkpatrick, 1998:130). Die evaluering van die reaksie van die leerders op die opleidingsprogram word beskou as die beginpunt van die sistematiese proses wat gevolg behoort te word om die opleiding van die leerders op alle vlakke te evalueer (Kirkpatrick, 1998:130).

Evaluering kan dus baie vorms aanneem, solank as wat die doel en beperkinge van elke metode in ag geneem word (Kirkpatrick, 1983:101). Die verskillende vorms van evaluering met betrekking tot die doel van elk, word in **Tabel 5.1** uiteengesit.

TABEL 5.1: DIE EVALUERING VAN PROGRAMME
(Ontwikkel uit Kirkpatrick, 1998:130)

REAKSIE VLAK 1	LEER VLAK 2	GEDRAG VLAK 3	RESULTATE VLAK 4
Die evaluasie van die leerder se <i>reaksie</i> op die program, soos wat hulle dit gedurende hul opleiding ervaar het, dien as 'n indeks om te bepaal tot watter mate die leerder tevrede is met die opleidingsprogram	Die evaluasie van dit wat die leerder <i>geleer</i> het, met ander woorde, die bemeestering van kennis en vaardighede	Die evaluering van die <i>toepassing</i> van die kennis en vaardighede binne die beroepsituasie	Die evaluering van die totale impak van die opleidingsprogram in terme van die uitkomstes en <i>finale resultate</i> wat bereik is

In bostaande tabel word die vier vlakke waarvolgens opleidingsprogramme evalueer word, saamgevat (Kirkpatrick, 1998:19).

In **Vlak 1** word die *reaksie* van die leerders geëvalueer. Hiervolgens word die leerders se ervaring en reaksie op die program geëvalueer (Kirkpatrick, 1998: 19). Hoewel 'n positiewe reaksie nie verseker dat leer wel plaasvind nie, kan 'n negatiewe reaksie wel verhoed dat leer plaasvind. Die persepsies van die leerders word gevolglik geëvalueer en nie of die leerder enigiets in die proses geleer het nie. Die leerders se reaksie kan sinvol met behulp van vraelyste geëvalueer word en dit word gevolglik as die maklikste vorm van program-evaluering beskou (Kirkpatrick, 1983:102). Ten spyte van die subjektiewe aard van hierdie evaluasie, word dit steeds as belangrik beskou, aangesien 'n gunstige reaksie aanduidend is daarvan dat die leerders 'n positiewe leerervaring het. Daarbenewens is die feit dat leerders as kliënte beskou word, aanduidend van die belang van bepaling van kliënte-tevredenheid. Indien leerders tevrede is met 'n opleidingsprogram, beteken dit dat hulle moontlik weer by dieselfde opleidingsinstansie kan inskryf, en ook ander leerders sal aanmoedig vir dieselfde program in te skryf. 'n Negatiewe respons ten opsigte van 'n program daarenteen, sal potensiële leerders ontmoedig om vir die opleidingsprogram in te skryf. Dit is duidelik dat gunstige reaksies van hulle leerders krities is vir 'n organisasie soos 'n Universiteit (Kirkpatrick, 1983: 102).

Positiewe reaksies verseker egter nog nie dat leer wel plaasgevind het nie. Gevolglik behels **Vlak 2** van die evalueringsproses evaluasie van die kennis en vaardighede wat die leerders verwerf het. Sommige opleiers beweer dat 'n leerder nie geleer het, tensy 'n verandering in gedrag voorgekom het nie. Volgens Kirkpatrick (1998:20) vind leer plaas wanneer 'n leerder se houding verander; of wanneer die leerder se kennis van 'n onderwerp vermeerder; of wanneer die leerder se vaardighede verbeter. Indien een of meer van hierdie veranderinge nie voorkom nie, sal daar nie 'n verandering in gedrag voorkom nie. Dit is derhalwe ook belangrik om die kennis en die vaardighede wat die leerders verwerf het, te evalueer. Dit vereis dat elke leerder afsonderlik geëvalueer moet word om te bepaal wat hy/sy geleer het. Gewoonlik, in die geval van byvoorbeeld 'n werkswinkel of konferensie, word die leerders se kennis vooraf geëvalueer, en dan weer na afloop van die konferensie, sodat dit wat die leerders geleer het, objektief

gemeet kan word. Daar word verder aanbeveel, dat, indien dit enigsins prakties moontlik is, 'n kontrole-groep, wat nie die opleiding ontvang het nie, gebruik word, ten einde die leerders se kennis en vaardighede te vergelyk (Kirkpatrick, 1998:20). Skriftelike eksamens kan veral suksesvol gebruik word om die kennis wat die leerders verwerf het ten opsigte van die teoretiese modules, te evalueer (Kirkpatrick, 1983:114). Vaardighede wat verwerf is, kan ook deur middel van praktiese eksamens geëvalueer word.

Ten einde egter te verseker dat die leerders volledig geëvalueer word wat betref al die vaardighede wat in die opleidingsprogram verwerf moet word, is dit nodig dat al die uitkomstes waarvoor die leerder uiteindelik moet beskik, ingesluit word in die evaluering. Johnson en Danhauer (2001:25) beklemtoon die verantwoordelikheid wat op opleidingsinstansies berus om die lewensvatbaarheid van 'n professie te verseker met behulp van die meting van uitkomstes. Veral ten opsigte van die gesondheidsorg-professies, word vereis dat verantwoordbaarheid deur die meting van uitkomstes gedemonstreer word (Johnson & Danhauer, 2001:27). Die evaluering van leer wat plaasgevind het, deur middel van die meting van die uitkomstes, kan ook geskied na afhandeling van elke module waaruit die afstandsonderrigprogram vir gehoorapparaat akoestici saamgestel is. Op hierdie wyse kan die evaluering van leer wat plaasgevind het, in die opleidingsprogram ingebou word (Kirkpatrick, 1983:114).

Wanneer daar geëvalueer word of die leerders wel geleer het, volgens die doelstellings wat vir elke module gestel is, word die dosente se vermoë om te onderrig terselfertyd geëvalueer (Kirkpatrick, 1998:47). Die evaluasie van wat geleer is, is belangrik, want geen verandering in gedrag sal plaasvind alvorens 'n leerder die nodige kennis verwerf het nie (Kirkpatrick, 1998:47).

Hoewel die eerste twee vlakke (die evaluasie van die reaksie van die leerders en van dit wat geleer is) in die evaluering van 'n opleidingsprogram wel belangrik is om objektiewe bewyse te verskaf dat die doelwitte wat met die opleidingsprogram gestel is, wel bereik

is, is sommige outeurs, soos genoem, van mening dat ware evaluering slegs plaasvind, indien verandering in gedrag van die leerders ten opsigte van hulle funksionering in die beroep self gemeet word (Kirkpatrick, 1983:101). Daar moet ook geëvalueer word of die leerders in staat is om die kennis en vaardighede wat hulle binne die opleidingsprogram verwerf het, oor te dra. Die leerders moet egter tyd gegun word alvorens 'n verandering in gedrag geëvalueer word. Verder moet die evaluering van hierdie veranderinge herhaal word met bepaalde tydsintervalle (Kirkpatrick, 1998: 48). Hierdie evaluering vorm die **derde vlak** van die evalueringsproses.

Die **vierde vlak** van evaluering van 'n program is die belangrikste en moeilikste faset van evaluering, aangesien dit behels dat die finale resultate van 'n opleidingsprogram geëvalueer moet word. Die tasbare bates "tangible benefits" van die opleidingsprogram moet geëvalueer word. Die resultate moet vergelyk word met die koste verbonde aan die implementering en instandhouding van die program. Dieselfde beginsels geld vir die evaluering van die resultate as vir die evaluering van die gedrag van die leerders, naamlik dat dit slegs na 'n tydsverloop kan geskied en dan moet dit met bepaalde tydsintervalle geskied (Kirkpatrick, 1998: 61). Hierdie twee vlakke van evaluering kan gevolglik nog nie binne hierdie studie geïmplementeer word nie, maar kan as aanbeveling dien vir toekomstige studies.

Vir die doel van hierdie studie is die eerste twee vlakke van progamevaluering geïmplementeer: die leerders se reaksie op die opleidingsprogram is geëvalueer (vlak een van die evalueringsproses), en ook die tweede vlak, 'n evaluering van die kennis wat die leerders verwerf het, is afgehandel (Kirkpatrick, 1998:78). Die leerders se kennis is geëvalueer met behulp van formele eksamens, waarin ook van eksterne eksamineerders gebruik gemaak is. Verder is die program en die leerders ook geëvalueer deur afgevaardigdes van die Raad vir Gesondheidsberoepes. Die volledige verslag van die Raad vir Gesondheidsberoepes word verskaf in Bylae G. Die verslag, asook 'n samevatting van die leerders se prestasie, sal meer in diepte bespreek word. Die reaksie van die leerders is egter met behulp van 'n skriftelike vraelys wat die

leerders moes voltooi, geëvalueer en die resultate van die reaksie van die leerders sal derhalwe meer volledig bespreek word.

5.2 EVALUASIE VAN DIE REAKSIE VAN DIE LEERDERS

Die reaksie van die leerders ten opsigte van die program (die eerste vlak van progamevaluering) is bepaal aan die hand van 'n vraelys (Bylae F), wat aan die finaliste van die opleidingsprogram gegee is om te voltooi.

Die volgende algemene riglyne is gevolg in die samestelling van die vraelys om die reaksie van die leerders te meet:

- Aspekte wat geëvalueer moes word, is geïdentifiseer aan die hand van die fasette wat deur Kirkpatrick (1998:17) uiteengesit is. Van die inhoudes wat as belangrik beskou is en derhalwe ingesluit is in die vraelys (Bylae F.), is naamlik of die vakinhoudes voldoen het aan die behoeftes van die studente; of die dosent wat die vak aanbied, die beste persoon is om dit te doen; of die beste metodes gebruik is om die houdings, kennis en vaardighede van die studente te verbeter; of die opleidingsfasiliteite voldoende is vir die aanbieding van die vakke; of die skedule van aanbieding pas by die deelnemers aan die program; of die studiemateriaal van so 'n aard is, dat dit die belangstelling van die leerders behou en bevorderlik is vir kommunikasie; en of die koördinerings van die program bevredigend is. Daar moet ook geleentheid wees vir die leerders om hulle mening te lug ten opsigte van moontlikhede om die program te verbeter.
- 'n Geskrewe vraelys is opgestel wat die inhoudes dek wat in die eerste stap geïdentifiseer is (Bylae F);
- Die reaksies van die leerders is gekwantifiseer, deurdat die respondente se resultate as persentasies bereken is (Kirkpatrick, 1983: 102);

- Daar is geleentheid aan die leerders gegee om addisionele kommentaar te kon byvoeg, ten einde hulle beoordeling van 'n aspek te verduidelik;
- Eerlike reaksies is verkry, deurdat die leerders nie enige identifiserende besonderhede op die vraelyste moes invul nie (Kirkpatrick, 1983:102), en aangesien die evaluasie aan die einde van die opleidingsprogram uitgevoer is.

Die vraelys om die reaksie van die leerders te meet (Bylae F), het gevolglik bepaalde temas gedek. Hoewel die vraelys nie verdeel is in afsonderlike afdelings nie, is dit wel om die bespreking van die resultate te vergemaklik in bepaalde afdelings verdeel.

Afdeling A het aangesluit by die behoeftes van die leerders en daar is bepaal of die leerders se algemene reaksie op die opleidingsprogram positief of negatief was (Vraag 1).

Afdeling B het gehandel oor die studiemateriaal self, die inhoud van die verskillende modules, en of die materiaal die belangstelling van die leerders behou het en bevorderlik was vir kommunikasie (Vrae 7, 11, 12, 14, 17, 19, 21, 22 en 23).

In **Afdeling C** is inligting versamel rondom die leerders se tevredenheid met die skedule waarvolgens die teoretiese modules aangebied is, maar ook die skedule van die praktiese programme (Vrae 8, 10, 16, 25 en 26).

Die vrae in **Afdeling D** het die leerders se tevredenheid met die opleidingsfasiliteite, die dosente en die kursus oor die algemeen beoordeel (Vrae 15, 27 en 28).

In **Afdeling E** is geëvalueer of die beste metodes gebruik is om die houdings, kennis en vaardighede van die leerders te verbeter (Vrae 2, 3, 4, 13 en 24).

In **Afdeling F** is daar met behulp van oop vrae aan die leerders die geleentheid gegun om aanbevelings te doen omtrent faktore wat hulle van mening is, sal bydra tot die

verbetering van die program. Die leerders moes aantoon waarvan hulle die meeste en die minste gehou het in die program en ook redes daarvoor verskaf (Vrae 5 en 6) en in vraag 18 kon die leerders aandui watter aspekte van die program kon verbeter.

Bogenoemde vrae is saamgestel op grond van die riglyne van Kirkpatrick, 1975:1-9; 1983:101-125; 1998: 27-30; en die American Telephone and Telegraph Company, 1987:1-93.


Die vraelys is deur 28 leerders voltooi. Die vraelys is anoniem voltooi na afloop van die opleidingsprogram, tydens die laaste praktiese werkswinkel wat deur die studente bygewoon is. Leerders moes die vraelys voltooi net na afloop van die laaste praktiese module, nog voordat hulle die perseel verlaat het, ten einde 'n 100% respons te verseker.

5.3 RESULTAATWEERGAWE: DIE REAKSIE VAN DIE LEERDERS

Die resultate ten opsigte van die reaksie van die leerders, word aan die hand van bostaande afdelings bespreek.

Afdeling A: Die behoeftes van die leerders


In hierdie gedeelte is daar oor die algemeen bepaal of die geïmplementeerde opleidingsprogram vir gehoorapparaat akoestici voldoen het aan die behoeftes van die leerders. Met die eerste vraag van die vraelys is bepaal hoe die leerders oor die algemeen van die opleidingsprogram gehou het. Hierdie resultate word voorgestel in **Figuur 5.1**.



FIGUUR 5.1: REAKSIE TENOOR DIE PROGRAM AS GEHEEL

Die leerders het oor die algemeen 'n positiewe reaksie teenoor die program gehad, aangesien 71.4% van die leerders aangetoon het dat hulle baie van die program gehou het. Van die 28 leerders het 25% die program as gemiddeld beskou, maar nie een van die leerders het aangetoon dat hulle nie van die opleidingsprogram gehou het nie. Een van die leerders (3.6%) het nie op hierdie vraag 'n respons gelever nie. Die reaksie van die leerders op die program is dus bevredigend, aangesien dit beteken dat die program wel aan meeste van die leerders se behoeftes voldoen het.

Die leerders se ervaring van die studiemateriaal is in **Afdeling B** van die vraelys beoordeel. Die leerders se reaksie teenoor verskillende aspekte van die studiemateriaal word in die volgende figure voorgestel.




FIGUUR 5.2: BEOORDELING VAN DIE STUDIEMATERIAAL

Volgens **Figuur 5.2** het 100% van die leerders aangedui dat die studiemateriaal wel aan hulle verwagtinge voldoen het, of selfs meer gegee het as wat verwag is. Die meeste leerders (96.4%) het die instruksies en doelstellings van elke module, soos vervat in die studiemateriaal, as "baie duidelik" of "duidelik genoeg" beoordeel. 'n Kleiner groep (78.6%) het egter aangetoon dat die studiemateriaal hulle gemotiveer het in hulle studies. Motivering van die leerders speel 'n uiters belangrike rol in die studiemateriaal binne 'n afstandsonderrig program, vanweë die gebrek aan direkte kommunikasie en kontak (Sewart et al. 1983:14). Die feit dat ongeveer 20% van die leerders nie voldoende deur die studiemateriaal gemotiveer is nie, lei tot die slotsom dat die motivering van die leerders deur verbeterde kommunikasie derhalwe 'n aspek is wat in die program aangespreek kan word.

In verdere uitbreiding van die leerders se persepsie van die studiemateriaal, is spesifiek ondersoek gedoen na die moeilikheidsgraad van die leermateriaal en die toepaslikheid

van die werksopdragte vir die ontwikkelingsvlak waarop hulle funksioneer; die relevansie van die studiemateriaal en die vraag of genoeg agtergrondsinligting verskaf is. Die leerders moes ook aantoon of daar in die studiemateriaal genoeg gebruik gemaak is van voorbeelde en of die studiemateriaal aan die behoeftes van die leerders voldoen. Die response ten opsigte van hierdie aspekte word aangetoon in **Figuur 5.3**.




FIGUUR 5.3: TEVREDENHEID MET STUDIEMATERIAAL

Uit bostaande figuur kan gesien word dat die leerders saamgestem het dat daar voldoende agtergrondsinligting in die studiemateriaal ingesluit is sodat dit vir hulle relevant is (92.9%). Verder het die leerders ook oor die algemeen gevoel dat daar van genoeg voorbeelde in die studiemateriaal gebruik gemaak is (89.3%) en dat die moeilikhedsgraad toepaslik was (82.1%). Hoewel die leerders saamgestem het dat die studiemateriaal oor die algemeen aan hulle behoeftes voldoen (92.8%), het 'n minderheidsgroep (32.1%) beweer dat sommige van die modules nie volledig in hulle

behoefte voldoen nie. Dit is duidelik dat 'n meer spesifieke evaluasie van elke module in die toekoms gedoen moet word.

In **Afdeling C** van die vraelys is inligting ingewin oor die skedule waarvolgens die teoretiese sowel as die praktiese modules van die program aangebied word. Die leerders se tevredenheid met die skedule van die program word voorgestel in **Figuur 5.4**.




FIGUUR 5.4: TEVREDENHEID MET DIE SKEDULE VAN DIE PROGRAM

Uit bostaande figuur blyk dat 71.4% van die leerders aangetoon het dat hulle tevrede is met die volgorde waarin die teoretiese modules aangebied is. Individuele aanbevelings deur die lesers wat nie met die volgorde van aanbieding saamgestem het nie, het voorgekom. Die enigste aanbeveling waar twee van die leerders saamgestem het ten opsigte van die volgorde van die studiemateriaal, was dat al die teoretiese modules in die eerste jaar afgehandel moet word en dat die tweede jaar geheel en al aan prakties gewy word. Aangesien daar egter soveel meningsverskille ten opsigte van die aanbevelings voorgekom het, het daar nie 'n oplossing ten opsigte van die skedule van

aanbieding vanuit hierdie leerders na vore gekom, wat wel in die kursus geïmplementeer kan word nie. Die volgorde van aanbieding sal dus so gehou word, aangesien dit wel voldoen aan die behoeftes van 71.4% van die leerders. Hoewel 75% van die leerders aangetoon het dat hulle tevrede was met die program van die praktiese werksinkels, het van die aanbevelings wat die leerders gemaak het ten opsigte van die verbetering van die program, na vore gekom in die gedeeltes waar daar oop vrae gestel is (**Afdeling F**). Hierdie aanbevelings sal derhalwe in daardie gedeelte bespreek word.


Die meeste van die leerders (96.4%) het saamgestem dat die studiemateriaal ten opsigte van die verdeling van die modules, wel in hanteerbare segmente verdeel is. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat in die samestelling van die opleidingsprogram die voorskrifte ten opsigte van die minimum leerure en krediete waaruit elke module behoort te bestaan as vertrekpunt gebruik is. Die beplanning is derhalwe daarvolgens gedoen en pas aan by die behoeftes van die leerders in dié verband. In samehang met die skedule en struktuur van die program, moes die leerders ook aantoon of hulle tevrede is met die tempo van die praktiese programme. Dit is die programme wat aangebied word gedurende die kontakperiodes wanneer die praktiese vaardighede by twee geleenthede per jaar (twee weke vir elke jaargroep) inge oefen word. Die leerders se response ten opsigte van hierdie vraag word voorgestel in **Figuur 5.5**.



FIGUUR 5.5: TEVREDENHEID MET DIE TEMPO VAN DIE PRAKTIESE PROGRAMME

Die meeste van die leerders (60.7%), het aangetoon dat die tempo van aanbieding van veral sommige dele van die program te vinnig was. Net 28.6% het aangetoon dat die tempo van aanbieding hulle gepas het, en net 3.6% (een leerder) het aangetoon dat die tempo van aanbieding te stadig was. Die gevoel by die leerders dat die tempo van aanbieding te vinnig is, kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat die leerders ook gedurende hierdie tydperke hersiening doen van die teoretiese modules, en gedurende die laaste kontakperiode van elke jaar word ook al die eksamens afgelê. Die een enkele leerder wat aangetoon het dat die tempo van die praktiese modules te stadig is, het meer agtergrondskennis as die ander leerders gehad, aangesien sy 'n gekwalifiseerde oudioloog is. Die gevoel van die leerders dat die tempo van aanbieding te vinnig is, is een van die redes waarom daar besluit is om die praktiese kontakperiodes in die toekoms te verleng.


Die leerders kon nie konsensus daarvoor bereik of hulle hulp benodig met die beplanning van hulle eie skedule nie. Daar is vir die leerders 'n aanduiding gegee ten opsigte van die tempo waarteen hulle die werksopdragte behoort te voltooi, ten einde suksesvol in hulle studies te wees. Dit het volgens die response van die leerders geblyk dat sommige van die leerders meer hulp benodig met die beplanning van die skedule van die studieprogram as ander. Hierdie resultate word voorgestel in **Figuur 5.6**.



FIGUUR 5.6: HULP MET SKEDULE

Vyftig persent van die leerders het aangetoon dat hulle wel hulp benodig met die beplanning van hulle studieprogram, terwyl 35.7% dit nie nodig vind nie. Die ander leerders (14.3%) het geen respons op hierdie vraag gelewer nie. Aangesien die meerderheid van die leerders tog hulp benodig in die beplanning van hulle studieprogram, blyk dit nodig te wees om reeds met die aanvang van elke studiejaar struktuur aan die leerders te verskaf ten opsigte van die tempo waarteen hulle werksopdragte behoort te voltooi. Volgehoue kommunikasie met die leerders is ook nodig om hulle te motiveer en om tred te hou met hulle vordering.

In **Afdeling D** is die leerders se tevredenheid met die opleidingsfasiliteite, die dosente en die kursus oor die algemeen geëvalueer. Al hierdie fasette is deur feitlik al die leerders as "Goed", of "Baie goed", of as "Uitstekend" beoordeel. Die resultate van die reaksie van die leerders ten opsigte van hierdie fasette van die opleidingsprogram word voorgestel in **Figuur 5.7**.




FIGUUR 5.7: TEVREDENHEID MET DIE OPLEIDINGSFASILITEITE, DIE OPLEIERS EN DIE PROGRAM

Al die leerders het aangetoon dat hulle die dosente en die opleidingsprogram as goed of baie goed beskou. Die leerders was ook tevrede met die opleidingsfasiliteite (92.8%) en hulle algehele reaksie teenoor die opleidingsprogram was positief (96.4%). Die leerders het soms aangetoon dat hulle met sekere van die dosente meer tevrede is as ander, en gevolglik moet daar weereens aangepas word deur in die evaluering van die leerders se reaksie, onderskeid te maak tussen die verskillende modules van die program.

In **Afdeling E** is geëvalueer of die beste metodes gebruik is om die kennis, houdings en vaardighede van die leerders te verbeter. Hierdie evaluering het ingesluit die wyse van aanbieding van die program, naamlik 'n afstandsonderrigprogram met bepaalde kontakperiodes per jaar, asook die gebruik van die werkboek. Ten einde die leerders meer geleentheid te gun vir die inoefening van praktiese vaardighede, word gebruik gemaak van 'n werkboek wat die leerders by 'n privaatpraktyk van hulle keuse, onder supervisie van 'n gekwalifiseerde oudioloog of gehoorapparaat akoestikus, moet voltooi. Die voltooiing van die werkboek het behels dat sekere praktiese vaardighede onder

supervisie van die gekwalifiseerde persoon inge oefen moes word, en die gekwalifiseerde persoon moet aandui tot watter mate die leerder wel daartoe in staat is. Die leerders moet verder verslag doen van die resultate van hulle praktiese opleiding, waarvoor die dosente van die praktiese modules 'n bepaalde punt toeken. Die leerders se reaksie ten opsigte van hierdie praktyk word ook in **Afdeling E** weergegee. In **Afdeling E** is ook bepaal of die leerders van mening is dat hulle met behulp van hierdie opleidingsprogram voldoende voorberei is vir hulle beroepstaak, en tot watter mate hulle persoonlik baat gevind het by die program. Hierdie resultate word visueel voorgestel in **Figuur 5.8**.




FIGUUR 5.8: VERWERWING VAN KENNIS EN VAARDIGHEDE

Hoewel 75% van die leerders aangedui het dat die opleidingsprogram vir gehoorapparaat akoestici hulle goed of baie goed vir hulle beroepstaak voorberei het, was 25% van die leerders van mening dat hulle meer praktiese ondervinding benodig. Die opleiding van praktiese vaardighede binne 'n afstandsonderrig program het van meet af aan besondere uitdagings gestel aan die instruksionele ontwerper van die afstandsonderrigprogram vir gehoorapparaat akoestici. Dit is derhalwe belangrik vir die kwaliteitsversekering van die program om die inoefening van die praktiese vaardighede van die leerders uit te brei.

Al die leerders (100%) het egter aangedui dat hulle persoonlik baat gevind het by die opleidingsprogram en dat hulle van mening is dat die doelstellings wat met die aanvang van die program gestel is, wel bereik is. Verder het 85.7% van die leerders aangedui dat die program baie goed of goed vergelyk met ander kursusse en opleidingsprogramme wat die leerders al bygewoon het. Die leerders het dus al hierdie fasette van die program positief beoordeel.

In 'n poging om die probleem aan te spreek wat ervaar word om aan leerders binne 'n afstandsonderrigprogram meer geleentheid vir die inoefening van praktiese vaardighede te bied is daar gebruik gemaak van werksboeke, soos reeds bespreek. Die leerders se beoordeling van die waarde van die werkboeke word in **Figuur 5.9** aangedui.




FIGUUR 5.9: DIE WAARDE VAN DIE WERKBOEK

Slegs 35.7% van die leerders het die gebruik van die werkboeke vir die uitbreiding van die praktiese vaardighede as baie waardevol beskou. Vyftig persent van die leerders het egter wel die gebruik van die werkboeke vir die uitbreiding van praktiese vaardighede as van waarde beskou. Net 14.3% van die leerders het dit glad nie waardevol gevind

nie. Daar moet dus weer besin word oor die gebruik van die werkboek, aangesien dit blyk dat die werkboek in sy huidige vorm nie voldoende aan die onderrigdoel voldoen nie. Derhalwe kan die gebruik van die werkboeke as 'n addisionele metode om aan die leerders meer praktiese ondervinding te verskaf, tans as van beperkte waarde beskou word. Die redes waarom al die leerders nie die inoefening van praktiese vaardighede binne 'n bestaande praktyk as 'n baie waardevolle geleentheid beskou nie, moet meer in diepte beskou word, ten einde dié probleme te probeer oplos.

Die leerders moes ook aandui of hulle steeds van mening is dat 'n afstandsonderrigprogram die aangewese metode vir die opleiding van gehoorapparaat akoestici is. Die leerders se response word voorgestel in **Figuur 5.10**.



FIGUUR 5.10: ONDERRIGWYSE

Slegs 21.4% van die leerders het gevoel dat 'n afstandsonderrig program nie die aangewese metode vir die opleiding van gehoorapparaat akoestici is nie. Die meerderheid van die leerders (78.6%) was tog van mening dat 'n afstandsonderrigprogram die aangewese metode is vir die aanbieding van 'n opleidingsprogram vir gehoorapparaat akoestici. Die enigste rede wat aangevoer is

deur die 21.4% van die leerders waarom afstandsonderrig nie die aangewese metode vir die opleiding van gehoorapparaat akoestici is nie, is die probleme wat ervaar word om genoeg geleentheid aan die leerders te verskaf vir die inoefening van praktiese vaardighede. Hierdie is dus 'n faset van die program wat in die opleidingsprogram aangespreek sal moet word.

Kirkpatrick (1998:133) het aangetoon dat indien 90 persent of meer van die leerders 'n kategorie positief evalueer, dit as 'n aanvaarbare repons beskou kan word. Dit dui verder op tevredenheid van die kliënte en dat die kwaliteitsdoel bereik is. Ten einde hoë kwaliteit opleiding asook die instandhouding van die Diploma vir Gehoorapparaat akoestiek te verseker, moet al die faktore wat deur minder as 90% van die leerders as positief beoordeel is ondersoek en aangespreek word (Kirkpatrick, 1998:133).

Aanbevelings wat deur die leerders in **Afdeling F** van die vraelys gemaak is, kan ook as vetrekpunt dien om veranderinge te implementeer. In hierdie gedeelte van die vraelys is daar deur middel van oop vrae aan die leerders die geleentheid gebied om kommentaar te lewer en hulle eie aanbevelings te maak. Dit is in ooreenstemming met die aanbevelings van Knowles (in Lieb, 1997:1) dat volwasse leerders aktief by die leerproses betrek word.

Aangesien die volwasse leerder ook die leersituasie benader met sy / haar eie lewenservaring, was die kommentaar wat deur die leerders gelewer is, dikwels divers en uiteenlopend. Gevolglik word die belangrikste aanbevelings van die leerders in tabelvorm saamgevat. Die positiewe response word in **Tabel 5.1** aangetoon, aangesien die positiewe elemente van die opleidingsprogram ook verder uitgebou moet word. Dit waarvan die leerders die meeste gehou het in die opleidingsprogram en die redes daarvoor, word in **Tabel 5.2** saamgevat.

TABEL 5.2: POSITIEWE KOMMENTAAR OP DIE OPLEIDINGSPROGRAM

KOMMENTAAR EN MOTIVERING

- Praktiese demonstrasies van veral oudiometrie en die interpretasie van oudiogramme.
- Oudiometrie praktiese sessies op die oudiometers.
- Module 16: Besigheidsbestuur - veral die werksopdrag was prakties en relevant. Die lesings is besonder interessant aangebied.
- Die studiemateriaal is informatief en maklik om te volg.
- Die feit dat die kursus deur afstandsonderrig aangebied word, sodat ek kan leer en werk terselfertyd.
- Al die praktiese modules: dit het veroorsaak dat die teorie makliker verstaan kon word. Het hierdeur 'n toekomsblik gekry van die profesie.
- Die interaksie met mense.
- Om 'n nuwe profesie te leer.
- Die interessante formaat van die studiemateriaal.
- Die feit dat die kursus uitkomsgebaseerd is.
- Die hele kursusinhoud.
- Alle lesings was goed voorberei en waardevol.
- Werksopdragte was prakties en relevant.
- Dosente het die leerders laat voel dat hulle deel is van die Universiteit
- Die hulpvaardigheid van al die dosente: die dosente was altyd gewillig om te verduidelik.
- Die vrae na elke module in die studiemateriaal.

Dit is duidelik uit die kommentaar dat die meeste leerders saamgestem het dat hulle die praktiese modules die meeste geniet het en as die waardevolste beskou het. Verder het die leerders ook die module wat oor besigheidsbestuur handel as belangrik en relevant beskou. Die leerders het die studiemateriaal en die dosente positief geëvalueer. Hierdie is in ooreenstemming met van die bevindings ten opsigte van die response van die rolspelers wat klaar in die beroep staan. Die uiterse belang van die

insluiting van besigheidsbestuur en die belang van praktiese opleiding is ook deur dié respondente beklemtoon.

Daar is ook aan die leerders geleentheid gegee om die aspekte in die opleidingsprogram uit te lig waarvan hulle die minste gehou het. Hierdie is faktore wat deur die instruksionele ontwerper in die instandhouding van die program aangespreek behoort te word, ten einde die motivering van die leerders te verhoog. Die leerders het meer uiteenlopende response gelever met betrekking tot die aspekte wat negatief deur hulle beoordeel is. Hulle was meer geneig daartoe om saam te stem oor die komponente van die program waarvan hulle gehou het as oor dié waarvan hulle nie gehou het nie. Die aspekte waarvan die leerders die minste in die program gehou het, word saamgevat in **Tabel 5.3**.

TABEL 5.3: NEGATIEWE KOMMENTAAR OP DIE OPLEIDINGSPROGRAM

MOTIVERING EN KOMMENTAAR
<ul style="list-style-type: none">➤ Een kontakweek per semester is onvoldoende. Daar word te veel inligting oorgedra in 'n te kort tyd.➤ Om betekenisvolle supervisors te kry om te help met die werkboek was moeilik. Baie teenstand is verkry van ander kollegas. Die professionele jaloesie wat deur die leerders ervaar is, was onaangenaam.➤ Studente vanuit 'n ander agtergrond, met min of geen ervaring van die vakgebied, het gesukkel om by te bly.➤ Van die leerders het nie daarvan gehou dat die studiemateriaal net in Engels beskikbaar was nie. Ander het weer kritiek gelewer daarteen dat Afrikaans soms in die klasopset gebruik is.➤ Probleme met die posdiens en die feit dat korrespondensie soms laat en soms glad nie ontvang word nie.➤ Daar word oor te veel modules eksamen geskryf die einde van die jaar.➤ Leerders moet in kennis gestel word van die uitslae.➤ Modules 3 en 4 (Acoustics of speech en Communication and the perception of speech) is deur van die leerders as te moeilik beskou en hulle het aangedui dat dit nie in hulle belangstellingsveld geval het nie.➤ Van die lesings, wat deur buitepersone aangebied is, aangaande gehoorapparaat spesifikasies is as te moeilik beoordeel.➤ Te veel aandag aan die teoretiese grondbeginsels van gehoorapparaatpassing en te min aandag aan die praktiese opleiding van hierdie vaardighede.➤ Langer tyd moet gegee word vir die voltooiing van vraestelle

Daar is ook aan die leerders die geleentheid gegun om hulle eie insette te lewer om die opleidingsprogram te verbeter. Die aanbevelings wat deur die leerders gemaak is, word saamgevat in **Tabel 5.4**.

TABEL 5.4: AANBEVELINGS VIR DIE VERBETERING VAN DIE OPLEIDINGSPROGRAM

AANBEVELINGS EN MOTIVERING	
➤	Meer praktiese ondervinding word benodig vanaf die eerste onderhoud met 'n kliënt tot en met die opvolgbesoek na gehoorapparaatpassing.
➤	Meer blootstelling word benodig aan verskillende gehoorapparaat-firmas se produkte
➤	Alle studiemateriaal moet reeds Januarie van elke jaar verskaf word en daar moet van die leerders verwag word om teen Junie van elke jaar reeds al die werksopdragte in te handig.
➤	Meer praktiese ondervinding word benodig van gehoorapparaatpassing en die maak van oorstukke.
➤	Meer fisiese kontak met dosente word verlang.
➤	'n Algemene stelling was dat die leerders meer praktiese opleiding benodig, veral ten opsigte van gehoorapparaatseleksie en –passing.

Dit is duidelik uit die besprekings van die leerders, dat die probleme waarmee hulle te kampe het, grootliks toegeskryf kan word aan die probleme wat baie afstandsonderrig leerders ervaar. Hoewel dit vir die meeste leerders onmoontlik sou wees om op 'n voltydse basis te studeer, moet die probleme wat die leerders met kommunikasie met die dosente en die opleiding van praktiese vaardighede ervaar, aangespreek word in die instandhouding van die opleidingsprogram vir gehoorapparaat akoestici.

Die doel van vlak een van die evalueringsproses is bereik, deurdat die persepsies van die leerders verkry is ten opsigte van die opleidingsprogram, die relevansie van die inhoud daarvan vir die beroep, die studiemateriaal en die dosente. Sinvolle aanbevelings is verkry wat toegepas kan word in die instandhouding van die program.

Daar is vroeër reeds na die volgende stelling verwys: Hoewel dit duidelik is dat 'n positiewe reaksie nie verseker dat leer wel plaasgevind het nie, verhinder 'n negatiewe

reaksie dat leer plaasvind (Kirkpatrick, 1998:20). Vlak 2 evaluering, naamlik of leer wel plaasgevind het, word vervolgens bespreek.

5.4 RESULTAATWEERGAWE: EVALUASIE VAN DIE VERWERWING VAN KENNIS EN VAARDIGHEDE

Om te evalueer of “leer” wel gedurende die opleidingsprogram plaasgevind het, moet daar geëvalueer word of die respondente wel kennis en vaardighede in die loop van die opleidingsprogram verwerf het, wat hulle kan voorberei vir die beroep van gehoorapparaat akoestikus.

Die aangewese metodes om dit in hierdie opleidingsprogram te bepaal, is ‘n prestasie-analise van die leerders se akademiese prestasies in akademiese en praktiese eksamens. Verder kan die beoordeling van die onafhanklike evalueerders, wat deur die Raad vir Gesondheidsberoep aangesel is om die opleidingsprogram vir gehoorapparaat akoestici te evalueer, ook as ‘n aanduiding op hierdie vlak van evaluering dien.

Die resultate van 28 van die leerders, wat reeds gegradueer het, se prestasies word saamgevat in **Tabel 5.5**

TABEL 5.5: UITEENSETTING VAN AKADEMIESE PRESTASIE (1999-2002)

	Module nommer:	Naam van module:	Gemiddelde akademiese prestasië:	Aantal hereksamens:	Aantal druippunte:
EERSTE STUDIE- JAAR:	1	Anatomy and physiology of the ear (APE 780)	65.14	1	2
	2	Pathology of the ear (PAT 780)	67.47	0	1
	3	Acoustics of speech (SWL 780)	63.71	0	4
	4	Communication and the perception of speech (SWL 781)	58.28	2	3
	5	The theoretical underpinnings of the basic audiometric test battery: Part 1 (ODL 780)	65.66	0	0
	6	The application of the basic audiometric test battery: Part 2 (ODL 782)	67.38	0	0
	7	Theoretical basis of hearing aids and assistive listening devices: Part 1 (ODL 784)	74.33	0	0
	8	Practical application of hearing aids and assistive listening devices: Part 1 (ODL 786)	63.47	0	0
	9	Hearing health care professions within the health care system (ODL 788)	64.52	0	2
TWEDE STUDIE- JAAR:	10	The theoretical underpinnings of the basic audiometric test battery: Part 2 (ODL 781)	65.11	1	0
	11	The application of the basic audiometric test battery: Part 2 (ODL 783)	64	1	0
	12	Hearing health care industry (AUD 780)	77.61	1	0
	13	Introduction to the rehabilitation of the hearing impaired (ODL 789)	76.88	1	0

TWEEDE STUDIE- JAAR:	14	Theoretical basis of hearing aids and assistive listening devices: Part 2 (ODL 785)	82.28	0	2
	15	Practical application of hearing aids and assistive listening devices: Part 2 (ODL 787)	66.53	2	2
	16	Business management and marketing (AUD 781)	57.30	2	1

Uit bostaande tabel kan die afleiding gemaak word dat die meeste van die modules ongeveer dieselfde moeilikheidsgraad het, aangesien die gemiddelde prestasie van die leerders oor die jare vir tien van die modules tussen 63% en 67.47% was. Die modules waarin die leerders die beste presteer het, was die teoretiese modules onderliggend aan gehoorapparaatpassing, asook module 12 (Gehoorgesondheidsorg in die industrie) en module 13 (Inleiding tot die rehabilitasie van die gehoorgestremde). Die gemiddelde prestasie van die leerders vir hierdie modules was vanaf 74% tot 82.28%. Om egter tot die slotsom te raak dat hierdie modules se inhoud bloot makliker is as die ander, is 'n oorvereenvoudiging. Beter prestasie kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die leerders hierdie modules as meer relevant vir hulle beroepstaak beskou, aangesien hierdie modules direk verwant is aan die beroepsfunksie van gehoorapparaatpassing. Dit sluit aan by die bevinding dat volwasse leerders beter presteer indien hulle die kursusinhoud in verband kan bring met die uitkomst van belang vir hulle beroep (Steyn, 1994:39). Die modules waarin die leerders die swakste gemiddelde prestasie behaal het, was module 4 (Communication and the perception of speech) met 'n gemiddeld van 58.28% en module 16 (Business management and marketing), met 'n gemiddeld van 57.3%. Die modules waarin die meeste hereksamens toegestaan is, of wat die meeste leerders moes herhaal, was modules 3 (Acoustics of speech) en 4 (Communication and the perception of speech). Laasgenoemde is ook modules wat die leerders meer negatief beoordeel het in die vlak van 'n evaluering. Die inhoud verskaf wel belangrike agtergrondinligting tot die begrip van 'n gehoorverlies op spraakpersepsie, maar die leerders besef moontlik nie die relevansie van hierdie modules vir hul beroepstaak nie. Dit is gevolglik noodsaaklik om in die toekoms tydens die aanbieding van hierdie modules aandag te gee aan die belang van die modules vir gehoorapparaatpassing en die begrip van die persoon met 'n gehoorverlies.

Bykomend tot **Viak 2** van die evalueringsproses, is ook die evaluering van die [University of Pretoria etd – Soer, M E \(2005\)](#) Diploma in Gehoorapparaat Akoestiek wat deur die evalueerders van die Raad vir Gesondheidsberoep uitgevoer is. Die volledige verslag van die Raad vir Gesondheidsberoep word ingesluit in Bylae G.

Hoewel die trant van die evaluasieverslag aangaande die program oor die algemeen positief was, gaan die aanbevelings wat uitgelig is kortliks saamgevat word.

- Hoewel die programsamestelling van so 'n aard is, dat dit deur die Raad vir Gesondheidsberoep aanvaar is, is daar aanbeveel dat tegniese en rekenaarvaardighede ook in die program ingesluit behoort te word, aangesien beide 'n voorvereiste is vir die seleksie en passing van gehoorapparate.
- Die evalueerders het die gebruik van supervisors van buite as problematies ervaar, omdat daar nie 'n formele ooreenkoms met die supervisors en die Universiteit gesluit is nie. Daar word genoem dat daar geen kommunikasie tussen die supervisors en die dosente was nie. Hierdie siening is moontlik 'n misverstand, aangesien daar 'n afsonderlike werkboek vir supervisors verskaf is, waarin dit wat van die supervisors verwag word, duidelik uiteengesit word.
- Hoewel die apparaat en toerusting van die Departement Kommunikasiepatologie as voldoende beskou is vir die opleiding van al die fasette van die beroepsbeoefening, is dit wel moontlik dat individuele supervisors nie oor voldoende toerusting beskik nie. Die evalueerders het hieroor kommer uitgespreek.
- Die evalueerders was positief teenoor die studiemateriaal en die inhoude wat gedek word. Daar is egter aanbeveel dat die leerders meer geleentheid moet kry vir die werklike seleksie en passing van gehoorapparate.

- Daar is aanbeveel dat supervisors formeel deur die Universiteit van [University of Pretoria etd – Soer, M E \(2005\)](#) Pretoria aangewys moet word, en dat gereelde ontmoetings met hierdie supervisors moet plaasvind.
- Studiemateriaal behoort jaarliks opgegradeer te word. Daar is aanbeveel dat die tweedejaar modules wat oor gehoorapparaat-seleksie en -passing handel, uitgebrei en aangepas behoort te word om aan te pas by snel-ontwikkende tegnologie.
- Die praktiese opleiding wat deur die dosente van die Departement aan die leerders verskaf is, is positief geëvalueer, maar daar is aanbeveel dat daar hierop uitgebrei word. Eksplisiete uitkomstes ten opsigte van die seleksie en passing van gehoorapparate moet gestel word.
- Daar is aanbeveel dat vir sommige modules daar meer insette vanaf die dosente behoort te wees. Hoewel die modules en dosente nie gespesifiseer is nie, kan aanvaar word dat dit moontlik dié modules is waarin die studente swakker gevaar het.
- Hoewel die werkboek wat die leerders onder supervisie van 'n gekwalifiseerde persoon moet voltooi, as 'n klinies waardevolle instrument beskou word, was die evalueerders van mening dat die implementering daarvan beperk is. Die supervisors word nie as verantwoordbaar teenoor die leerders beskou nie, aangesien daar geen formele ooreenkoms met hulle gesluit is nie.
- Die evalueerders was van mening dat daar nie genoeg aandag daaraan gegee word om die leerders in diepte op te lei wat betref gehoorapparaat-seleksie en -passing nie.
- Daar is aanbeveel dat 'n praktiese werkwinkel aan die begin van elke jaar gehou behoort te word, ten einde die supervisors op te lei.
- Daar is aanbeveel dat Modules 7, 14 en 9 uitgebrei word en vernuwe word.
- Praktiese vaardighede in gehoorapparaatseleksie en -passing behoort uitgebrei te word;
- Daar behoort spesifieke kriteria gestel te word waarvolgens supervisors aangestel word: hulle moet onder andere beskik oor goedgekeurde

apparaat, soos voorgeskryf deur die SABS (Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde). 'n Stel uitkomstes waarvoor die supervisors moet beskikbaar moet voor die tyd aan hulle beskikbaar word.

Dit is duidelik dat die probleme wat deur die evalueerders geïdentifiseer is, gesentreer het rondom die praktiese opleiding, veral ten opsigte van gehoorapparaatpassing en die gebruik van supervisors. Dieselfde aspekte is ook deur die leerders geïdentifiseer. Die uitbreiding van praktiese vaardighede blyk dus steeds die kernprobleem te wees waarmee hierdie afstandsonderrigprogram te kampe het.

Hoewel dit vir die studente moeilik was om vir langer periodes (nog twee weke per jaar) die kontakperiodes by te woon, was daar dus geen ander alternatief as om wel die praktiese opleiding van die leerders, veral ten opsigte van gehoorapparaatseleksie en -passing, uit te brei deur beide die kontakperiodes vir die eerste en tweede jaar met twee weke te verleng nie. Dit het ook die gebruik van eksterne supervisors uitgeskakel en meer uniforme opleiding verseker.

Evaluering is van geen waarde indien die resultate van evaluering nie geïmplementeer word nie. Elke fase van die evaluasieproses moet dus aangespreek word, ten einde die instandhouding van die opleidingsprogram te verseker.

5.5 SLOTOPMERKINGS

In hierdie studie is die parameters van instruksionele ontwerp en afstandsonderrig toegepas op die gebied van gehoorapparaat akoestiek. Ten einde hierdie uitdaging aan te spreek is die instruksionele ontwerpstruktuur van analise, beplanning, ontwerp, ontwikkeling, implementering en evaluering gebruik in die instruksionele ontwerp van 'n afstandsonderrigprogram vir gehoorapparaat akoestici.

Daar is 'n toenemende bewuswording van die belangrikheid van afstandsonderrig en na meer leerder-gesentreerde studie, onafhanklik van tyd en plek. Hierdie paradigmaskuif noodsaak dat studiemateriaal en programme by tersiêre inrigtings herontwerp en ontwikkel moet word met inagneming van die leerders se situasie en agtergrond. Daarmee saam het die ontwikkeling van gesondheidsorgprofessies die toenemende belang van standarde in onderrig en opleiding beklemtoon (Martin & Seestedt, 2003:46). Daar bestaan egter 'n geweldige leemte in die literatuur ten opsigte van kliniese onderrigmetodes (Martin & Seestedt, 2003:46). Daar bestaan dus baie min riglyne in die literatuur wat die dosent kan help in die kliniese onderrig van leerders (Martin & Seestedt, 2003:46). Die effektiewe fasilitering van die praktiese komponente in die opleiding van gehoorapparaat akoestici, deur middel van afstandsonderrig, het dus 'n besondere uitdaging aan die dosent as instruksionele ontwerper gestel.

In die programsamestelling van 'n Diploma vir Gehoorapparaat akoestici is toepaslike literatuur oor instruksionele ontwerp geraadpleeg. Ten einde minimum standarde vir opleiding daar te stel, is marknavorsing gedoen met behulp van vraelyste aan die belangrikste rolspelers van die gehoor-gesondheidsorgspan. Hierna is die program ontwikkel en geïmplementeer. Die program is geëvalueer om te bepaal of die leerdoelwitte bereik is. Deur middel van hierdie studie en die resultate daarvan is 'n bydra gemaak tot die leemte wat daar bestaan in onderrig en navorsing wat betref kliniese opleidingsprosedures.